

Sing vooraf: Psalm 150:1 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëndhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.

Ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes
met Psalm 51:7 (p. 262).*

Wet

Psalm 51:7 (p. 262)

- 7 Skrikbeeld van smet wat in my siel bly heg, / en my herinner aan my sware skande:
vergote bloed besoedel my die hande! / God van my heil, werp tog dié bloedskulde weg!
Dan sal'k aan u geregtigheid weer dink, / wanneer my mond wat stom was deur die sonde,
deur U geopen, weer u lof laat klink, / my tong, lank vas, in juigtoon word ontbonde.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.

Skriflesing: Psalm 15 en Psalm 24

Teks: Psalm 24:3

**Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige
plek? (Psalm 24:3 AFR1953)**

Daar is 'n hele paar plekke in die Bybel waar hierdie woorde – *die berg van die Here* – geskryf staan. Die merkwaardige is dat al hierdie gedeeltes vooruitsien na die wederkoms van die Here en die ewige lewe.

- Die eerste keer lees ons daarvan in die geskiedenis van Abraham en Isak.
 - Abraham kry die opdrag om Isak te gaan offer. Die Here het toe by die offerplegtigheid 'n ram in die plek van Isak voorsien.
 - Toe noem Abraham die plek: *“Die Here voorsien.”* Daar word nou nog gesê: *“Op die berg van die Here word voorsien.”* (Genesis 22:14).
- Jare later het die Israeliete die wet van die Here op die berg van die Here ontvang (Numeri 10:33).
 - Met ander woorde hier op die berg van die Here het hulle die openbaring van die wil van God vir ons gekry, en van toe af moes ons dit nakom.
- Jesaja het in 'n gesig gesien hoe baie volke eendag na die berg van die Here toe sal gaan en sê: *“Kom, laat ons optrek na die berg van die Here toe, na die huis van die God van Jakob sodat Hy ons sy wil kan leer, en ons daarvolgens kan lewe, want uit Sion kom die openbaring, uit Jerusalem die woord van die Here.”* (Jesaja 2:3 AFR1983)
- Miga het dit ook geprofeteer. (Miga 4:2)

Jesaja het 'n openbaring gehad van al die vrolikheid wat daar eendag sal wees in die Nuwe Jerusalem, en hy het dit ook vir die volk gesê:

Die lied sal by julle wees soos in die nag as die fees gevier word, en julle sal vrolik wees van hart soos die wat met die fluite loop, om te kom op die berg van die HERE, na die Steenrots van Israel. (Jesaja 30:29 AFR1953)

Maar julle sal sing soos in die nag voor 'n fees, julle sal vrolik wees soos wanneer mense met fluitspel begin loop na die berg van die Here toe, na die Rots van Israel toe. (Jesaja 30:29 AFR1983)

Die Here het ook belowe dat Hy self by ons sal bly wanneer hierdie oomblikke aanbreek het. Weer word dit beskryf met *die berg van die Here*.

So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaar: Die heilige berg. (Sagaria 8:3 AFR1953)

So sê die Here: Ek gaan na Sion toe terugkom, Ek gaan in Jerusalem woon. Jerusalem sal genoem word Stad van Trou, Berg van die Here die Almagtige, Heilige Berg. (Sagaria 8:3 AFR1983)

Ons Nagmaalviering vanoggend saam met die Here is 'n voorspel van hierdie koms en ewige vreugde wat gaan aanbreek wanneer die Here en sy kinders in sy koninkryk (op sy berg) saamkom. Wie mag in die heiligdom van die Here gaan staan om die Here te aanbid?

Mens moet Psalm 24:3 saamlees met Psalm 15:1, want die twee verse se inhoud is dieselfde, dit is net die volgorde waarin dit staan wat omgeruil is:

HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?
(Psalm 15:1 AFR1953)

Teenoor

Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?
(Psalm 24:3 AFR1953)

Wie het die reg om in u woonplek te kom, Here? Wie mag op u heilige berg vertoef? (Psalm 15:1 AFR1983)

Teenoor:

Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan staan? (Psalm 24:3 AFR1983)

Die beeld wat Dawid gebruik, is die van iemand wat as gas by iemand aan huis kom. Teen hierdie agtergrond vra hy die vraag:

- Wie mag gaan staan in die Here se heilige plek?
En
- Wie mag klim op die berg van die Here?

Wie mag as die Here se gas in sy heiligdom ingaan?

- Net die feit dat hierdie vraag in die Bybel geskryf staan, beteken dat enige iemand nie welkom is om sommer net in te gaan nie.
- Ons moet dit ook sien teen die agtergrond van Psalm 24:1 en 2 wat die Here beskryf as die Besitter van die heelal.

Hier word nie op 'n teoretiese manier gepraat van die grootheid van God as Skepper nie.

- Dit is bedoel as openbaring om die leser van die Psalm weer van nuuts af te laat besef wie die Here is na wie toe jy gaan wanneer jy biddend aan sy Nagmaaltafel aansit!
- Daar moet by jou 'n baie diep ontsag ontstaan oor die grootheid van God as jy na die oseane en die lande op die aardbol kyk, en jy besef dat die Here se hand al hierdie dinge tot stand gebring het, en nog steeds in stand hou – en dat Hy Hom oor jou ontferm, terwyl jy skaars 'n stofdeel in sy skepping is.

As jy besef hoe klein jy is voor die Here, sal jy ook besef dat jy voor hierdie almagtige God niks kan verdien nie, en dat jy nie sommer net voor Hom kan verskyn asof daar 'n band van gelykes is nie.

Wie mag dan in die heiligdom ingaan? Die Bybel antwoord presies:

- Hy wat rein van hande
- en suiwer van hart is
- wat sy siel nie ophef tot nietigheid nie
- en wat nie vals sweer nie.

Hy wat rein van hande is, is volgens Jesaja 1:15:

- Iemand wat nie bloed aan sy hande het nie.
- Verder is dit ook nog iemand wat nie omkoopgeskenke aanneem nie
- en wat ook nie allerhande skanddade loop en pleeg nie.

Iemand wat suiwer van hart is, is volgens Psalm 19:

- Iemand wat na die bevel van die Here luister
- en wat die regte koers loop in sy aanbidding en in sy lewe.
- Die Bybel bedoel glad nie dat hierdie mens sondeloos moet wees nie, maar dit bedoel wel dat wanneer hy verkeerd gedoen het, hy biddend na die Here toe sal teruggaan.

Iemand wat sy siel nie ophef tot nietigheid nie, is:

- iemand wat sy siel nie aan allerhande leë dinge vasmaak nie – dinge soos afgodediens of ongeloof nie.
 - Al hierdie dinge is leeg. In hulle wese is hulle nietigheid en niks meer nie.

Iemand wat wat nie vals sweer nie, is:

- Iemand wat die Here in elke opsig eer.
- Dis iemand wat nie plek maak dat hy en leuens kan saamlewe nie.

Iemand wat al hierdie dinge doen, is iemand wat op die berg naby die Here kan gaan tent opslaan, en wat in die tempel van die Here kan ingaan.

In 'n sekere sin is hierdie uitspraak van die Here erg benouend, want wie van ons kan hierby kom? ***U moet net onthou dat hierdie gebreke van ons nie meer die deur vir ons toemaak nie.***

- Psalm 24 leer in vers 6 dat *die wat na die Here vra*, sal ingaan. Dit is dieselfde mense van wie vroeër ook gepraat word.
- Nou kom ons agter dat vers 4 nie volmaaktheid as 'n vereiste stel nie, maar wel *eerlike aanbidding*.

Die Psalm gaan verder en sê dat die ewige poorte hulle hekke moet oopswaai.

- Aan die bevel is daar geen twyfel nie; hierdie ewige hekke gaan oopswaai sodat iemand kan deurgaan: ***Dié Persoon is die Erekening.***
- Die Here het die deurgang deur die Sionspoort vir Homself opgeëis.

Die dag toe hulle hierdie Psalm die eerste keer gesing het, het dit so gebeur:

- Dawid was met die ark op pad Jerusalem toe.
- Hy het voor die volk uit geloop en jubel.
- Agter hom het die ark gevolg.
- Die ark was die simbool van die Drie-Enige God met sy inwoning onder sy volk.
- *Toe hulle voor Jerusalem se poorte gekom het, is die eeue oue hekke oopgemaak sodat die ark van die Here kon deurgaan in Jerusalem in.*

Uit die beskrywing is dit duidelik dat alle menslike mate te klein is om groot genoeg oop te maak vir die Ewige Koning, die Here van die Leërskaer, se binnekoms.

Die Here kom in en Hy is sterk en geweldig, geweldig in die stryd. Nou steek mens vas.

- Watter stryd?
 - Want die hele tyd nog het die Psalm gepraat oor die Here se majesteit as Skepper en die mens se nietigheid en versigtigheid waarmee hy in die Here se heiligdom mag ingaan.
 - Nou meteens is die Here 'n Oorlogsgod.
- Dit is waar.
 - Die poorte gaan oop om die God wat ook die magte van die hel in 'n geweldige stryd verslaan het, te laat binnekom.
 - Daardie stryd was juis om alles wat ons gekeer het om God van harte te dien, te vernietig.

Hierdie optog van Dawid toe die ark Jerusalem toe gebring is deur Dawid, die oorlogskoning, was 'n simboliese voorstelling:

- Dit het die wederkoms voorgestel wanneer die werklike Koning, Jesus, met sy feesvierende skares deur die poorte van die Nuwe Jerusalem instap.
- Dit vertel van die oomblik wanneer die ewige deure oopswaai en die Here Jesus wat in 'n geweldige stryd die duiwel en al sy magte verslaan het, met majesteit die verlostes in God se koninkryk inlei.

Die eerste vervulling van hierdie Psalm het gebeur baie lank nadat hierdie Psalm geskryf is:

- Hierdie Psalm was reeds profesie daarvan dat die Here Jesus sou kom om Homself te gee vir die stryd.

- Hy is die Erekening wat Homself met almag en krag in die stryd gewerp het om:
 - die magte van die hel te vernietig;
 - maar ook om ons met God te versoen.

Wie mag ingaan in die tempel van die Here?

- Hulle wat vra na die Here.
- Hulle wat in die Naam van die Erekening ingaan in die heiligdom van God.

Moenie moedeloos word as u nie u geloofslewe in alle opsigte reg kry nie.

- Maar moet ook nie ophou om daaglik berou te hê oor u sondes nie.
- Moet ook nie ophou om daaglik tot bekering te kom nie.
- Hou aan om te vra na die Here.

Mag hierdie Nagmaal daarvan getuie wees dat ons gemeente ook agter die Erekening aan mag ingaan deur die ewige deure.

Amen.

Gebed

Psalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie, / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Formulier

Psalm 47:1, 3 (p. 240)

- | | |
|--|---|
| <p>1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig
voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys,
want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink –
Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!</p> | <p>3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog;
die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal
God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor
Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!</p> |
|--|---|

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 118 (p. 575)

Slotgebed

Slotpsalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op **ons** daal, / u guns uit Sion **ons** bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor **ons** gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: Nagmaal – 26 Augustus 2007

Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum 11 Augustus 2013